higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2

(11011062)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 1 bylae.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die … rivier is die enigste rivierhawe in Suid-Afrika.

A Oranje
B Sondags
C Buffels

1.1.2 Die … is die grootste natuurlike hawe in Suid-Afrika.

A Kaapstad-hawe
B Oos-Londen-hawe
C Saldanha-hawe

1.1.3 Die … provinsie is die kleinste provinsie in Suid-Afrika.

A Gauteng
B Limpopo
C Vrystaat

1.1.4 Die skedel van Mev. Ples is in die ... gevind.

A Sudwalagrotte
B Kangogrotte
C Sterkfonteingrotte

1.1.5 Die … waterval is die sesde grootste in die wêreld.

A Gariep
B Augrabies
C Victoria

1.1.6 … is beroemd as die wêreld se beste branderplankbestemming.

A Kaapstad
B Durban
C Jeffreysbaai

1.1.7 Die Kgalagadi-oorgrenspark strek tot in …

A Namibië.
B Botswana.
C Zambië.

NCV

1.1.8 'n … toeris sal waarskynlik die Visrivier-canyon besoek.

A Kultuur
B Natuur
C Religieuse

1.1.9 Die Victoriavalle word in ... aangetref.

A Suid-Afrika
B Zimbabwe
C Mosambiek

1.1.10 … is 'n voorbeeld van 'n landomringde (ingeslote) land.

A Suid-Afrika
B Mosambiek
C Swaziland

(10 × 1) (10)

1.2 'n Franse paartjie beplan om Suid-Afrika vir 5 dae te besoek gedurende die September/Oktobervakansie. Hulle stel in ons geskiedenis belang.

Verwys na hul 5-dag reisprogram en identifiseer die gemerkte toeriste-aantreklikhede wat hulle tydens hul reis sal besoek. Skryf die antwoord langs die letter (**A**–**E**) in die ANTWOORDBOEK neer.

DAG	**AKTIWITEIT**
1	Aankoms op O.R. Tambo Internasionale Lughawe en vertrek na Mpumalanga waar hulle die tweede grootste canyon in die wêreld sal sien **(A)**
2	Kort ná ontbyt sal hulle KwaZulu-Natal toe ry waar hulle 'n wêrelderfenisterrein sal besoek wat die grootste riviermondstelsel in Afrika is **(B)**
3	Ná middagete sal hulle na die Oos-Kaap ry om 'n nasionale park te besoek wat beroemd is vir die voorkoms van die suidelike noorkapper walvis **(C)**
4	Hulle sal 'n kort rit deur die Tuinroete onderneem en 'n nasionale park besoek wat bekend is vir die Otterstaproete en een van die grootste mariene beskermde gebiede ter wêreld is **(D)**
5	Hulle sit hul rit deur die Tuinroete voort en besoek 'n dorp wat beroemd is vir sy volstruise **(E)**

(5 × 1) (5)

1.3 Identifiseer die nasionale paaie wat die Franse toeriste sal gebruik deur elkeen van die volgende:

1.3.1 Tuinroete

1.3.2 Panoramaroete

1.3.3 Krokodilrivier-ervaring ('Crocodile Ramble')

1.3.4 Namakwaland

1.3.5 'Midlands Meander'

(5 × 1) (5)

1.4 'n Skaal dui aan hoeveel 'n gebied op 'n kaart verklein is.

Noem DRIE soorte skale wat op 'n kaart gevind kan word. (3)

1.5 Identifiseer EEN lughawe wat naby elk van die volgende toeriste-aantreklikhede geleë is:

1.5.1 Ukhahlamba Drakensberg

1.5.2 Kruger Nasionale Park

1.5.3 Kangogrotte

1.5.4 Augrabieswaterval Nasionale Park

(4 × 1) (4)

1.6 Identifiseer elk van die provinsies waar die volgende berge geleë is:

1.5.1 Soutpansberge

1.5.2 Magaliesberge

1.5.3 Langeberge

(3 × 1) (3)
[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n toeriste-aantreklikheid uit KOLOM B wat naby 'n dorp of stad in KOLOM A geleë is. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Upington	A	Hartebeespoortdam
2.1.2	George	B	Moloporivier
2.1.3	Hazyview	C	Midmardam
2.1.4	Mafikeng	D	Bloemhofdam
2.1.5	Colesberg	E	Limpoporivier
2.1.6	Port Elizabeth	F	Augrabieswaterval NP
2.1.7	Oranjeville	G	Outeniekwaberg
2.1.8	Pretoria	H	Gamtoosvallei
2.1.9	Howick	I	Vaaldam
2.1.10	Hoopstad	J	Oranjerivier
		K	Fanie Botha-dam

(10 × 1) (10)

2.2 Identifiseer elke soort toeris wat waarskynlik sal deelneem aan die aantreklikhede of aktiwiteite hieronder. Motiveer jou antwoord.

2.2.1 Dobbel by Sun City Casino

2.2.2 Vryval (valskermspring) by Magaliesburg

2.2.3 Bergklim in die Zuurberge

2.2.4 Branderplankry in St. Francisbaai

2.2.5 Besoek begraafplase in Ulundi

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.3 Dui aan of die aantreklikhede hieronder NATUURLIK, KULTUREEL, ARGEOLOGIES of GESKIEDKUNDIG is. Skryf slegs 'Natuurlik', 'Kultureel', 'Argeologies' of 'Geskiedkundig' langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.3.1 Robbeneiland

2.3.2 Mapungubwe Nasionale Park

2.3.3 Weskus Nasionale Park

2.3.4 Basotho kulturele dorpie

(4 × 1) (4)

2.4 Noem TWEE verwagtings wat gemeenskappe moontlik kan hê van eko-toerisme. (2 × 2) (4)

2.5 Verduidelik waarom dit belangrik is dat plaaslike inwoners 'n positiewe gesindheid teenoor toerisme moet hê. (2)

[30]

VRAAG 3

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Toerisme-ondernemings moet waarde vir geld bied.

3.1.2 Toerisme is nie afhanklik van die omgewing nie.

3.1.3 Toeriste op besoek aan 'n vreemde land moet nie plaaslike kulture respekteer nie.

3.1.4 Plaaslike inwoners moet toeriste se leefwyse aanneem want dit is ver beter as dié van die plaaslike kulture.

3.1.5 Toerisme-ondernemings hoef nie voorsiening te maak vir fisiek gestremdes nie.

3.1.6 Geskiedkundige hulpbronne sluit monumente, begraafplase en standbeelde in.

3.1.7 Standbeelde is nie deel van ons erfenis nie en moet daarom vernietig word.

3.1.8 Die Khoisan-mense is nie die oorspronklike inwoners van Suid-Afrika nie.

3.1.9 Tasbare erfenis sluit kleredrag, kos, kuns en kunsvlyt in.

3.1.10 Enoch Sontonga is die komponis van die Suid-Afrikaanse volkslied, Nkosi Sikelel i Afrika.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

3.2 Lees die scenario en beantwoord die vrae.

MYNE VERSUS TOERISME EN VOEDSELSEKURITEIT

MRC Bpk., 'n mynmaatskappy van Australië, het 'n voorstel ingedien om ilmeniet, rutiel en zirdon langs die Wildekus te ontgin. Die meerderheid plaaslike inwoners wil nie hê die myn moet langs die kuslyn gebou word nie want dit sal hul grond, lewensbestaan, biodiversiteit en kulturele erfenis vernietig. Hulle maak daarop aanspraak dat die myn ook 24 km van die kuslyn, vyf groot teelmondings en die potensiaal vir toekomstige ekotoerisme gaan vernietig. Hulle voel ook dat hulle gedwing gaan word om die grond te verlaat wat hul landboubestaan en gereelde grondgebruikpraktyke vir baie jare ondersteun het.

[Bron:*www.google.co.za*]

3.2.1 Noem VYF negatiewe omgewingsgevolge wat die mynprojek op die Wildekus gaan hê indien dit voortgaan. (5)

3.2.2 Noem DRIE ekonomiese voordele van ekotoerisme langs die Wildekus. (3)

3.2.3 Stel TWEE metodes voor wat die mynmaatskappy kan opneem om te verseker dat hulle nie die omgewing sal benadeel nie. (2 × 2) (4)

3.2.4 Noem VIER soorte gemeenskapsvennootskappe wat toerisme langs die Wildekus kan ontwikkel. (4)

3.3 Verduidelik kortliks waarom 'n beskadigde erfenisterrein onmiddellik aangemeld moet word sodra dit opgemerk word. (4)

(2 × 2) **[30]**

NCV

VRAAG 4

4.1 Marakele Nasionale Park, 'n toevlugsoord soos sy Tswananaam aandui, is bekend vir sy verskeidenheid wildslewe as gevolg van sy ligging in die oorgangsone tussen die droë westelike en klammer oostelike streke van Suid-Afrika.

4.1.1 Noem DRIE aktiwiteite wat toeriste kan geniet op besoek aan Marakele Nasionale Park. (3)

4.1.2 Noem TWEE soorte akkommodasie wat toeriste by die park kan verwag. (2)

4.1.3 Identifiseer die provinsie en dorp waar die nasionale park geleë is. (2)

4.1.4 Gee 'n kort beskrywing van die hoofbesienswaardighede van die nasionale park. (3)

4.2 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

ONTBOSSING IN SUID-AFRIKA

Ontbossing is 'n beduidende vorm van plantegroeidegradasie in verskeie distrikte van Limpopo, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap. Dit word veroorsaak deurdat bome afgekap word vir grondverbouing, nedersetting of gebruik van hout en niehout vir bosprodukte. Hierdie provinsies se weidingsomvang is groot en hulle ervaar probleme met afname in plantegroeibedekking, indringerplante en verandering in spesiesamestelling.

4.2.1 Hoe beïnvloed ontbossing die toerismebedryf? (4 × 1) (4)

4.2.2 Stel DRIE maniere voor hoe om ontbossing in Suid-Afrika te verminder. (3 × 2) (6)

4.2.3 Noem DRIE rolle wat die regering speel in die hantering van ontbossing. (3 × 2) (6)

4.3 Watter prosedure moet 'n toeris volg vir die aanmelding van 'n boom wat afgekap is? (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Voltooi die sinne hieronder deur die woorde uit die lys te gebruik. Skryf slegs die naam van die nasionale orde langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Mapungubwe; Baobab; Deelgenote van O.R. Tambo; Luthuli; Ikhamanga

5.1.1 'n Orde van … is aan Wade van Niekerk toegeken omdat hy 'n wêreldrekord tydens die 2016 Olimpiese Spele in Rio de Janeiro gebreek het.

5.1.2 'n Orde van … is aan Peter Magubane toegeken wat gearresteer is omdat hy tydens apartheid vir demokrasie geveg het.

5.1.3 Professor Nelwamondo het 'n Orde van … ontvang omdat hy 'n doktorale graad in elektriese ingenieurswese voltooi het.

5.1.4 Die Orde van … is aan Andrew Ross gegee vir sy uitstekende bydrae tot die opleiding van jong medici in landelike gebiede.

5.1.5 Die Orde van … is aan mnr. Xakana gegee omdat hy vrede en weerstand teen sosiale ongeregtigheid bevorder het.

(5 × 1) (5)

5.2 Gee 'n voorbeeld van elk van die volgende nasionale simbole:

5.2.1 Boom

5.2.2 Blom

5.2.3 Vis

5.2.4 Voël

5.2.5 Vlag

5.3 Gebruik die BYLAE om die volgende vrae te beantwoord.

5.3.1 Identifiseer die buurlande wat 5, 6 en 7 genommer is. (3)

5.3.2 Identifiseer die provinsies wat 1, 3, 4 en10 genommer is. (4)

5.3.3 Identifiseer die hawes wat 2, 8 en 9 genommer is. (3)

5.3.4 Identifiseer die TWEE nasionale parke wat in gebied 6 en 1 gevind kan word. (2)

Kopiereg voorbehou

5.4 Verduidelik wat bedoel word met 'n oorgrenspark en noem EEN sodanige park op die kaart. (2 + 1) (3)

5.5 Noem in watter Suid-Afrikaanse stad of dorp die volgende gebeurtenisse plaasvind:

5.5.1 Oesterfees

5.5.2 Kersiefees

5.5.3 Kaapse Klopse-karnaval

5.5.4 Klein Karoo Nasionale Kunstefees

5.5.5 Macufe Kunstefees

(5 × 1) (5)


[30]

TOTAAL: 150

NCV

Kopiereg voorbehou

BYLAE



Kopiereg voorbehou